



CHIEF MARKER'S REPORT

SUBJECT:

AFRIKAANS SECOND ADDITIONAL LANGUAGE P2

1. ANALYSIS OF QUESTION BY QUESTION PERFORMANCE

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1.1

Kandidate moes 'n opstel skryf waarin hulle hul skoolervaring beskryf asook hoe hulle dit gaan mis nou dat hulle aan die einde van hul skoolloopbane is. Baie min kandidate het hierdie onderwerp gekies. Diegene wat wel hieroor geskryf het, het slegs op enkele aspekte van hul skoollewe en herhalend oor dieselfde punt geskryf.

VRAAG 1.2

Kandidate moes na aanleiding van foto's omtrent die FIFA-Wêreldbeker 2010 skryf. Geleiers is verskaf wat kandidate in hul denke kon help.

Soos verwag kon word het vele kandidate hierdie onderwerp gekies. Vele kandidate het egter gefaal om die geleiers in verband met die onderwerp te bring.

VRAAG 1.3

Hierdie opstel waarin kandidate moes vertel wat hulle gedoen het om hul omgewing skoon te hou, het duidelike instruksies gehad waarin hulle moes verduidelik hoe die omgewing voor, gedurende en na die projek gelyk het.

Enkele kandidate het hierdie onderwerp gekies. Niemand het die voor, gedurende en na instruksies gevolg nie.

VRAAG 1.4

Slegs omtrent 5% van die kandidate het hierdie vraag beantwoord. Kandidate moes die gebeure vertel nadat hulle 'n SMS wat hulle groot laat skrik het van 'n maat ontvang het.

Kandidate het by die geleiers gehou en alhoewel hulle punte vir taal en spelling ingeboet het, was hul inhoud in die kol.



Ikamva eliqaqambileyo!

Hierdie vrae het verwag dat kandidate na aanleiding van prentjies 'n opstel moes skryf. Geen geleiers is verskaf nie en kandidate kon na willekeur skryf. Kandidate se interpretasie van die prentjies was redelik goed alhoewel baie gesukkel het om hul gedagtes logies te onden.

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 2.1

Kandidate moes 'n resensie oor een van die matriek kortverhale skryf. Dit was duidelik dat kandidate nie geweet het wat 'n resensie is nie en hulle het die opskrifte wat verskaf is as 'n vraelys benader. Kandidate het dus nie slegs punte vir inhoud verbeur nie, maar ook vir formaat.

VRAAG 2.2

Kandidate moes as kaptein/e van 'n sportspan 'n gesprek met die skoolhoof voer. Vele kandidate het hierdie vraag beantwoord. Alhoewel die vraag vereis het dat kandidate moes vertel hoe hulle dit reggekry het om hul afdeling te wen, het baie min kandidate daarvoor uitgebrei. Baie kandidate het net 2 of 3 reëls by die gegewe teks bygevoeg sonder om te verduidelik wat hulle gedoen het om hul afdeling te wen.

VRAAG 2.3

Kandidate moes reageer op 'n brief van 'n vriendin waarin sy om advies vra. Kandidate het redelik goed in hierdie vraag gevaar. Enkele kandidate het egter die gegewe brief woordeliks oorgeskrif.

VRAAG 2.4

Kandidate moes 'n brief skryf aan 'n familielid waarin hulle vra dat hierdie familielid vir hul verdere studies moes betaal omdat hul ouers dit nie kan bekostig nie. Dit is 'n versoek om hulp. Min kandidate het genoegsame, ooredende redes verskaf vir waarom hulle die geld benodig. Vele kandidate het as 't ware geëis dat hul studiegelde deur hierdie familielid betaal moes word.

AFDELING C: KORTER TEKSTE

VRAAG 3.1

Kandidate moes 10 studiewenke aan 'n maat verskaf. Die meeste kandidate het hierdie wenke korrek in die teenwoordige tyd geskrif, maar baie min van die wenke was egter toepaslik. Dit het ook duidelik geblyk dat min kandidate weet wat wenke is.

VRAAG 3.2

Baie kandidate is nie vertrouwd met die formaat van die poskaart nie. Die poskaart moes 'n maat vertel omtrent 'n kompetisie waaraan die skrywer deelgeneem het. Die geleiers wat verskaf is, is egter as 'n vraelys beskou en kandidate het hoofsaaklik vyf sinnetjies as antwoord geskryf.

VRAAG 3.3

Kandidate moes 'n besigheid wat hulle na matriek gaan begin adverteer. Nie 'n enkele kandidaat het hierdie opdrag reg interpreteer nie. Almal het 'n bestaande besigheid geadverteer. Daar is ook nie deurentyd by die formaat van 'n advertensie gehou nie. Kandidate het hier baie punte verloor.

7. ANY ADVICE THAT YOU COULD GIVE TO EDUCATORS TO HELP LEARNERS TO REACH THE EXPECTED LEVELS

- Kandidate moet by die verskillende formate hou.
- Te veel kandidate skryf groot gedeeltes van hul antwoorde in Engels. Kandidate moet uitgewys word dat hulle hulle hierdeur blootstel aan penalisering. Kandidate MOET by Afrikaans, hoe skeef en krom ookal, hou.
- Leerders moet daarop gewys word dat die geleiers daar is om hul denke te kanaliseer en dat dit nie 'n vraelys is om beantwoord te word nie.
- Kandidate moet nie gedeeltes van die vraetel oorskryf nie. Volgens die memorandum kry hulle geen punt vir sodanige oorskryfery nie.
- Woordorde vereis intensiewe aandag.
- Paragraaf indeling moet beklemtoon word. 'n Goeie riglyn is: 1 idee = 1 paragraaf. Die belangrikheid van inleidende en slotparagrafe moet beklemtoon word.
- Dril die formaat van die verskillende skryfstukke by leerders in.
- Leerders moet geleer word om instruksie te volg. Gebruik dieselfde eindeksamen instruksies in interne eksamens om leerders oefening in die volg van instruksies te gee. Gebruik ou vraestelle om leerder te leer hoe om vraestel te beantwoord.